BOU DIE BYBEL VRAE:

1. TORING VAN BABEL VRAE: Genesis 11: 1-9

1. Hoe wou die mense vir hulleself 'n naam gemaak het? Gen 11:4
2. Hoekom wou God hulle keer? Gen 11:6
3. Hoe het God hulle gekeer? Gen 11:7

2. JAKOB SE DROOM VRAE: Genesis 28:10-17

1. Wat het Jakob gedroom? Gen 28:12
2. Wie het by Jakob in sy droom gestaan? Gen 28:13
3. Noem drie van die dinge wat Hy aan Jakob in sy droom beloof het. Gen 28:13-15.

3. ABRAHAM MOET VIR ISAK OFFER VRAE: Genesis 22: 1-14

1. Hoekom het God hierdie vreemde opdrag aan Abraham gegee? (Gen 22:12;18))
2. Het God Abraham toegelaat om Isak te offer? (Gen 22:10-12)
3. Waaraan laat hierdie vreemde opdrag julle dink?

4. GIDEON – Rigters 2: 1-15

1. Hoekom wou God Gideon in 'n geveg instuur met net 300 man, as daar 32 000 manne was wat kon gaan veg het? (Rig 7:2)
2. Hoe het God die 300 man gekies? (Rig 7:3;5)
3. Waarom het God die manne nie laat veg met wapens nie, maar 'n vreemde opdrag gegee om fakkels en erdekruike te gebruik? (Rig 7:15)

5. PETRUS EN DIE TEMPELBELASTING: Matt 17:24-27

1. Wat was Petrus se naam voordat Jesus dit verander het? (Joh 1:42)
2. Waarvoor moes Petrus die muntstuk gebruik? (Matt 17:27)
3. Hoekom het Jesus gesê moet hulle die belasting betaal? (Matt 17:27)

6. JERIGO SE MURE VRAE: Josua 6:1-23

1. Hoekom moes Josua en sy manne om Jerigo loop? (Jos 6:1-2)
2. Hoeveel keer moes hulle om die stad loop? (Jos 6:3-4)
3. Wat sou aan die einde gebeur? (Jos 6:5)